

Skriflesing: Genesis 49:1-12; 1 Kronieke 5:1-10

Teks: **Genesis 49:3,4; Rigters 5:15b,16**

Sing: Ps. 118:1,2; Ps 119:44,51; Ps.66:6,7; Ps. 40:2,4.

Broeder en suster- in Genesis 49 is Jakob op sy sterfbed, waar hy met sy seuns sal praat, almal van hulle, soos hy nog nooit met hulle gepraat het nie. Jakob praat onder leiding van God die Heilige Gees. Hy maak sy testament oop. Jakob se lewe is eintlik verby, maar dit wat hy hier sê, dit moes gesê word. Hy sou nie kon sterf, voordat hierdie woorde, elke seun op die naam en sy hele lewe sou omraam nie. Elke seun kry 'n raam vir sy lewe, maar wat is 'n raam sonder 'n skildery. Die Gees van God gaan sovêr, dat elke kind se lewe word geskilder.

Vanoggend gaan ons voor die skildery van die oudste, van die eerste seun Ruben staan. *Ruben jy is my eersgeborene, my krag en die eersteling van my sterkte; die vernaamste in hoogheid, die vernaamste in mag!* Die hoogheid word 'n geweldige storm- *Opbruising soos van waters-* met die stormende water wat in Ruben se lewe soos 'n maalkolk sou begin draai- *jy sal die vernaamste nie wees nie.* Geliefdes, dit bring ons dan in die lewe van Ruben by drie geweldige draaipunte in die prediking vanoggend- 1. Die wonderlike posisie waarin Ruben was. 2. Die verskriklike vernedering wat daar plaasgevind het. 3. En laastens- Die uiteinde vir die mens soos Ruben.

Die wonderlike posisie waarin Ruben was:

Dink u daardie woorde in. My oudste. Voor hom was daar geen kind Jakob s'n nie. Vir die eerste keer het Jakob deur Ruben pa kon wees. Ruben se geboorte bed staan sterk, Jakob sê *jy is my eersgeborene, my krag, die eersteling van my sterkte....* Tot hiertoe is dit goed Ruben, baie goed! *die vernaamste in hoogheid en die vernaamste in mag.* Ruben sou die eersgeboortereg kon ontvang, wat beteken dat hy ontvang dubbel soveel soos die ander, al is daar elf ander.

Die eersgeborene het op twee maniere in die huis van die gelowige gesin moes uitstaan. So één moes 'n leier wees. Leier in wat God van die leiers verwag. 'n Voorbeeld in woord en daad, 'n voorbeeld waar die eersgeborene moes sorg vir die res van die huis. Op die regte tyd, op die regte plek moes sy leiding kon uitgaan.

Jakob laat dit nog sterker na vore kom. Ruben jy is die *eersteling van my sterkte...* Daardie wonderlike posisie wat jy na my dood sal moet beklee maak dat jy 'n dubbele erfenis kan ontvang. Die volle erfenis word in dertien dele verdeel, dat daar vir jou kan wees, twee keer

die hoeveelheid wat die ander elf kry. Die dubbele erfenis het sy prys, want so 'n eersgeborene moet ook dubbele verantwoordelikheid aanvaar. Hy ontvang mag en krag. Hy het die mag om oor sy broers te moet regeer, maar die krag sal daar ook wees. Al moet jy dag en nag werk, jou liggaamskragte sal genoeg wees. Jou woorde van mag en jou dae van krag sal hierdie huis moet dra.

En nou is die vraag maar kan een mens dit alles doen. Ruben jy sal dit kan doen, want God het jou hierdie posisie wou gee. God sal jou voortreflik kan maak. Ons aanvaar die liggaamsgestalte van Ruben was dan ook groot en sterk, kop en skouers sou hy bó die van sy broers kon uitstaan. Hy was werklik een wie se woord getel het en waar daar leiding nodig was, dáár was hy. Toe die ander broers vir Josef wou doodmaak is dit Ruben wat voorgestel het, laat ons hom eerder net in een van die woestyn putte (Gen37:21-22) gooi. Daar word na Ruben geluister. Die minderheid voorstel van die één man sou swaarder weeg as die meerderheid se mag. So het Ruben die leiding kon gee. Sy woorde weeg swaar.

Die wonderlike posisie waarin Ruben was, gaan nie maar oor die mens Ruben nie. Hy wat soos 'n leeu of 'n beer tussen sy broers kon wees, dit is voorregte wat God sy kerk wil gee. Die kerk van die Here Jesus Christus het in hierdie wêreld 'n uiters bevoorregte posisie ontvang. Hebreërs 12:23 noem die kerk die *gemeente (of die vergadering) van eersgeborenes...* As Moses met Faraó oor Israel praat dan laat hy Faraó baie duidelik verstaan dat Israel die Here se eersgebore seun is. Daarom as Faraó nie luister nie, dan sal die eerste eersgeborene die anders eersgeborenes tref. Ons weet dit was toe ook só! Elke eersgeborene in Egipte met Egiptiese bande is met die laaste plaag voor Israel se trek getref. Die kerk as God se eersgebore sluit dit aan by Christus die eniggeborene. Die eniggebore Seun van God. Die Eniggeborene kan alleen maak dat die kerk vandag nog die eersgeborenes van God kan wees.

Wanneer Jakob die stukkie testament oor Ruben oopmaak en Ruben hoor sy wonderlike posisie dan is dit 'n posisie wat die Nuwe Testament ons in Christus wil gee. Romeine 8:17 sê *ons is erfgename van die Vader, mede-erfgename van Christus*. Saam met Christus mag ons die eersgeboortereg as kerk geniet, maar ons het nie net 'n eersgeboortereg as ware kerk nie, ons het soos Ruben besondere pligte wat nagekom moet word.

Ruben moes sy broers as voorbeeld lei, hulle moes Ruben kon navolg as ons oudste broer.. *die vernaamste in hoogheid, die vernaamste in krag...* Ruben die eersgeborene kon dit wees, hy het die talente daarvoor gehad, maar ons tweede gedagte is –

Die verskriklike vernedering wat daar plaasgevind het:

Die hoop wat Jakob gehad het, toe sy eerste seun gebore is, die hoop op krag, die hoop op sterkte, op hoogheid, op mag, alles wat gesê is, moes teruggetrek word – *Opbruising soos van waters – jy sal die vernaamste nie wees nie, want jy het die bed van jou vader beklim; toe het jy dit ontheilig. Hy het my bed beklim.*

Hierdie owerspel daad van Ruben, om een van sy pa se byvrouens vir 'n oomblik van swakheid syne te maak (Gen. 35). Bilha was een van sy pa se byvrouens, 'n slavin van Ragel. Ruben staan skuldig. Dit is verskriklik, dit is hoekom Jakob dit ook twee keer sê – *Hy het my bed beklim...* In wese is dit 'n rewolusie daad waarvan die bed die boustene vorm wat Ruben gebruik om die 5 en die 7de gebod in die grond in te verneder. Wanneer mense God se gebooie vertrap, dan is hulle besig om God te wil vertrap. As vader en moeder nie geëer word nie, dan word God nie geëer nie!

Daarom het God Self vir Ruben in die besondere posisie waarin hy was uitgehaal. Hy mag dit langer nie meer wees nie. Sy dubbele erfdeel sou weggegee word. In 1 Kronieke 5 lees ons weer hoe dit gebeur het. Die een deel vir Juda, in plaas van Ruben sal Juda nou die leier van die stamme moet wees, die ander deel word aan Josef gegee. Josef sal nou die dubbele deel uit die testament gegee word, daarom dat sy twee seuns geseën kon word. Ruben wat eintlik in staat kon wees om twee mense se voorregte en regte te moes hanteer sal daar niks van mag oorhou nie. Hy wat in staat sou wees om twee in een te wees, maar as die gawes van God misbruik word, dan word al twee die gawes, die regte en die voorregte hom ontnem. Dit word aan andere gegee.

Broeder en suster, laat dit 'n les wees waarby die kerk moet leer. Ons het reeds as kerk ons reg, ons eersgeboortereg uit die mond van die Here kon hoor, maar die kerk moet nie wees soos opbruising van waters nie. Water kan so bedrieglik wees, waar die water- oppervlak die een oomblik so mooi en glad soos 'n spieël voor ons kan lê, maar dieselfde rustig voortvloeiende water kan die volgende oomblik skuim en klots en slaan, waar die nog een oomblik rustige watermassas in sy volgende stormgeweld geen mens, of dier of plant spaar nie. Dan kan niemand en niks hierdie water keer nie. So was Ruben gewees, by sy pa se bed

soos 'n damwal wat breek. Om dit weer heel te maak is nie 'n mens se werk nie. God se grense word baie keer tussen die lakens afgebreek, maar die kerk kan ook 'n geestelike hoereerder wees.

Hierdie vernedering wat Ruben oor homself gebring het- *opbruising soos van waters, jy sal die vernaamste nie wees nie*- dit wat hy kon wees, dit is hy nie meer nie. Waar Ruben sy posisie totaal en al misbruik het, dit het hom in sy pa se oë, in die oë van sy broers onbetroubaar gemaak. Nooit weer sou Jakob hom ten volle kon vertrou nie, want as hy dit eenmaal met my vrou gedoen het, wie kan verseker dat daar nie weer 'n volgende keer sou wees nie. As 'n damwal eers een keer gebreek het, al is die wal heelgemaak, dit bly maar tog onder verdenking, omdat dit reeds een keer gebreek het. Die opbruising van waters skep 'n gees van wantroue, daarom die vernaamste sou Ruben nooit meer kon wees nie.

Ja, geliefdes, dit is asof daar 'n gees van traak-my-nieagtigheid en agteruitgang uit die Ruben-geslag verder gevolg het. Mense wat baie praat en min doen.

Die man wat leiding kon gee toe Josef se broers hom wou doodmaak, van sy nageslag lees ons nie weer ooit in leiers posisies nie. Daar staan nooit 'n rigter of koning uit die geslag van Ruben op nie. As ons die geslagsregisters van Numeri 1 vergelyk met die register in Numeri 26, dan het die Ruben-geslag gekwyn. Dit is soos 'n boom wat nie dadelik doodgaan nie, maar die uiteinde van 'n boom wat op die verkeerde plek in die verkeerde grond staan, dit word net kleiner en kleiner. Die dooie takke uit die boom word al meer, dat daar naderhand van die boom niks meer oorbly nie. Daar gaan nooit enige noemenswaardige invloed van die Rubeniete uit nie. Dit het ons laaste gedagte reeds ingelui-

Die uiteinde vir die mens soos Ruben:

Die Ruben-geslag sou vêrder aan, soos waters opbruis, maar dan, o weë, daar kom niks vêrder as bloot net om geraas te maak, soos water kan raas nie. Hoekom wil dit klink of Jakob en Debora 200 jaar later, maar haar lied sluit by Jakob aan, al leef hulle baie jare uitmekaar, heeltemal in verskillende tye.

Waarom het jy tussen die veekrale bly sit en luister na die fluitspel by die troppe vee...

Debora sing 'n lied toe daar 'n oorlog gewen is. Debora is vol vreugde, die Here het helde opgeroep, helde uit die stamme van Jakob se nageslag. Uit Efraim, Benjamin, uit Sebulon, Issaskar en Naftali. En dan skielik kom daar in Debora se lied die dowwe tone-sy sing ook van Ruben en Aser. Terwyl dit oorlog was, het Ruben baie beraadslaag, baie gepraat, min

gedoen... Ruben, hy het bly luister na die fluitspel by die veetroppe. Hy het op die rand bly staan toegekyk hoe die ander broers die stryd moet stry. Ons het so baie vee, ons is baie besig (Num.32), baie suipplekke om te versorg. Ons kom nie weg nie, so hoor ons hom sê. Ons kom nou-nou... tog hou hy hom heeltyd afgeskeie...

Ewe vroom sal hierdie mense sê, ons bid nog, ons ondersoek nog, ons oordink nog, ons het nog baie worstelinge, dit hou ons baie besig. Ruben, intussen is jou broers al klaar met die oorlog, hulle is al deel van die oorwinningslied – jy...waar is jy –Jakob hy het so baie van Ruben verwag, my eersteling...my krag...my sterkte-ons verwag gewoonlik baie van sulke mense-en tog die teleurstelling - opbruising van waters – sulke mense druis en raas net – dit is woorde, beraadslaging, pragtige voornemens, maar vêrder kom daar net mooi niks. Net baie gepraat en saampraat. Van Ruben het daar nooit iets gekom nie. Nee, wag 'n bietjie...

Daar het i(I)emand gekom. In Deut. 33:6 is dit Moses wat pleit- – *Laat Ruben lewe en nie sterwe nie...* Moses pleit vir verandering – het hy dan profeties aangevoel dat Ruben is op die sterf pad, deur te vra, dat Ruben moet lewe en nie sterwe nie....Dit is die verskil tussen Ruben en Jesus – RUBEN STERF DEUR TE LEEF, CHRISTUS LEEF DEUR TE STERF. Die geheim is en bly die kruis. Probeer jou eie kruis dra, dan sal jy sterf, neem Christus se kruis op, dan sal jy lewe. God is die God van lewe, die God wat deur sy Gees lewe wek, wat selfs in die latere Ruben-geslagte lewe gebring het. In 1 Kron.5:18-22 is daar verandering. Daar staan die geslag van Ruben as die oorwinnaars wat die hardste daardie stryd gestry het. Die stryd wat 'n mens teen jousef moet stry en om dan in Christus jousef te oorwin, watter wonderlike oorwinning is dit nie. In Openbaring 7 vers 5, watter pragtige gesig, 'n see van mense en hulle almal is geredde mense. En die Rubengeslag – daar is lewe – *uit die stam van Ruben, twaalfduisend verseëldes*. 12 000 gered deur Jesus, wat sy kruis wou dra.

Voel u dalk in hierdie oggend, Ruben, moet nie moedeloos wees nie, gee ag op jou roeping, luister na die stem van die Heilige Gees, sien af van jou eie kortsigtige eie belange, raak betrokke in die stryd en moet nie net naby die stryd kom nie. 'n Mens naby die kruis, is beslis nog nie onder die kruis nie. Naby is nog steeds te vêr, kom en buk onder hierdie wonderlike kruis van kerk-wees. Rubeniet, vir jou is daar plek tussen die duisend verseëldes, maar luister tog. Ruben kon lidmaat van die kerk bly, die Here het hom nie uitgewis nie, al was hy baie hard geslaan, uit sy eersgeboorte-posisie uit. Dit alles met die doel dat Ruben

hom moet bekeer. Die Here tugtig uit liefde. So is Ruben ná alles ook 'n geseënde! Hy moes eers geslaan word om te weet wat dit is om geseën te wees. So kon hy lidmaat bly.

AMEN